

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Direkteur van Openbare Vervolgings Kaap die Goeie Hoop v Retief (8689/08) [2008] ZAWCHC 256 (29 August 2008)

[2008] ZAWCHC 256

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

Louw R, Van Heerden WnR

CASE / FILE NUMBER

8689/08

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING) SAAKNOMMER:8689/08 DATUM: 29 AUGUSTUS 2008 In die saak tussen: DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS KAAP DIE GOEIE HOOP Applikant en MARIANNE JACOBA RETIEF Respondent UITSPRAAK (AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER) LOUW, R: Hierdie is 'n aansoek deur die Staat ingevolge artikel 310A van die Strafproseswet vtr verlof om te appeeler teen die vonnis van nege jaar gevangenisstraf wat vir vyf jaar op sekere voorwaardes opgeskort is, wat die beskuldigde/respondent op 25 Maart 2008 in die streekhof op SteMenbosch opgele is, nadat sy vroeer diesetfde dag op 'n pleit van skuldig op tien aanklagte van diefstal en 24 aanklagte van bedrog skuldig bevind is. Die beskuldigde staan die aansoek om verlof om te appeeler teen. Die beskuldigde, wat vroeer 'n werknemer van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens was, het die misdade gepleeg terwyl sy as boekhouer

vir twee individue en hulle besighede gewerk het. Vyf van die aanklagte van diefstal handel met R22 346.06, wat die beskuldigde oor 'n tydperk van Maart tot November 2003 van een van die werkgewers gesteel het. Die volle bedrag is egter wel later deur die beskuldigde tot die betrokke werkgewer se krediet aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens oorbetal. Die ander vyf aanklagte van diefstal handel met 'n totale bedrag van R73 190,96 wat die beskuldigde oor 'n tydperk vanaf Julie 2002 tot Desember 2003 van die ander werkgewer gesteel het. Ook in hierdie geval het die beskuldigde later wel die gemelde bedrag tot krediet van daardie werkgewer aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens oorbetal. Agt van die aanklagte van bedrog het behels dat die beskuldigde oor die tydperk 20 September 1999 tot 6 September 2001 vafsliek teenoor een van haar werkgewers voorgegee het dat sy geregtig was om BTW in totaal ten bedrae van R354,96 te hef op dienste wat sy vir die betrokke werkgewer gelewer het. Die verdere aanklagte van bedrog handel met 'n bedrag van ongeveer R133 000 in totaal. Dit behels dat die beskuldigde die BTW-rekeninge van haar werkgewers gemanipuleer het en wat tot gevolg gehad het dat hulle met verkeerde bedrae vir BTW aangeslaan is. Wat hierdie

aanklagte betref, soos ek die posisie verstaan, het die beskuldigde geen persoonlike voordeel getrek in die sin dat die geld in haar sak beland het nie en is die Inkomstediens waarskynlik geregtig om die bedrag wat as gevolg van die bedrog kort betaal is, van haar werkgewers te verhaal. "n Belangrike aspek in hierdie aangeleentheid is dat die beskuldigde 'n 39-jarige ongetroude dame is wat 'n eerste oortreder is. Twee verslae is voor die landdros geplaas, een van 'n sielkundige en die ander van 'n korrektiewe beampte, waaruit dit blyk dat die beskuldigde 'n ontoereikende persoonlikheid het wat, onder andere, waarskynlik verband hou met wat met haar gebeur het toe sy as jong kind deur twee persone verkrag is. Sy het 'n afhanklike persoonlikheid en sy het ook in die tydperk wat van hierdie misdrywe gepleeg is betrokke geraak met ene Johan wat haar, so se die verslae, beïnvloed het en finansieel op haar geteer het en bygedra het daartoe dat sy die bedrog en diefstal gepleeg het. Dit is duidelik uit die landdros se uitspraak dat hy die misdrywe wat die beskuldigde gepleeg het, in 'n baie ernstige lig gesien het. Hy het horn besonder sterk uitgedruk oor die aard en die effek en die voorkoms van hierdie tipe witboordjiemisdrywe. Die beskuldigde se persoonlike omstandighede het horn egter uiteindelik daartoe genoop om 'n vonnis op te lê wat me direkte gevangenisstraf behels nie. Namens die Staat het me Henry betoog dat hier verskeie mistastings by die landdros was met die oplegging van vonnis; dat hy onder andere die persoonlike

omstandighede van die beskuldigde oorbeklemtoon het; dat hy nie behoorlike aandag gegee het aan die vraag of 'n vonnis ingevolge

artikel 276(1)(t) van die Strafproseswet of 276(1)(h) van die Strafproseswet opgele moet word nie en dat 'n hof van appel die

vonnis as gevolg van hierdie mistastings van nuuts af sal kan oorweeg. Sy het ook betoog dat die vonnis deur 'n hof van appel as skokkend onvanpas bevind kan word. Die vraag op hierdie stadium, waar daar aansoek gedoen word vir verlof om te appelleer deur die Staat, is of daar 'n redelike vooruitsig is dat die apptikant (die Staat) op appel suksesvol sal wees met die appel teen die vonnis en dat 'n ander en swaarder vonnis deur 'n hof van appel opgele sal word. Ons is vanoggend hier volledig toegesprek deur me Henry en ook deur mnr Louwrens namens die beskuldigde. Ons het die argumente wat in die hoofde van argument uiteengesit is en wat hier mondelings herhaal en verder toegelig is, oorweeg. Na my mening is hierdie 'n geval waar die Staat nie aangetoon het dat daar 'n redelike vooruitsig op sukses op appel sal wees nie en dat daar 'n redelike

vooruitsig is dat die hof van appel eerstens sal inmeng met die vonnis en tweedens 'n swaarder vonnis sal ople nie. Na my mening moet die aansoek om verlof om te appelleer van die hand gewys word en moet daar 'n kostebevel gemaak word ingevolge die bepalings van artikel 310 A (6) dat die Staat die geheel van die beskuldigde se koste betaal wat by die bestryding van hierdie

aansoek opgeloop is. VAN HEERDEN, WnR: Ek stem saam. VAN HEERDEN, WnR LOUW. R: Dit word so beveel. LOUW, R

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER:8689/08

DATUM: 29 AUGUSTUS 2008

In die saak tussen:

DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS

KAAP DIE GOEIE HOOP Applikant

en

MARIANNE JACOBA RETIEF Respondent

UITSpraak

(AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER)

LOUW, R:

Hierdie is 'n aansoek deur die Staat ingevolge artikel 310A van die Strafproseswet vtr verlof om te appelee teen die vonnis van nege jaar gevangenisstraf wat vir vyf jaar op sekere voorwaardes opgeskort is, wat die beskuldigde/respondent op 25 Maart 2008 in die streekhof op SteMenbosch opgele is, nadat sy vroeer diesetfde dag op 'n pleit van skuldig op tien aanklagte van diefstal en 24 aanklagte van bedrog skuldig bevind is.

Die beskuldigde staan die aansoek om verlof om te appelleer teen.

Die beskuldigde, wat vroeer 'n werknemer van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens was, het die misdade gepleeg terwyl sy as boekhouer

vir twee individue en hulle besighede gewerk het.

Vyf van die aanklagte van diefstal handel met R22 346.06, wat die beskuldigde oor 'n tydperk van Maart tot November 2003 van een van die werkgewers gesteel het. Die volle bedrag is egter wel later deur die beskuldigde tot die betrokke werkgewer se krediet aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens oorbetal. Die ander vyf aanklagte van diefstal handel met 'n totale bedrag van R73 190,96 wat die beskuldigde oor 'n tydperk vanaf Julie 2002 tot Desember 2003 van die ander werkgewer gesteel het. Ook in hierdie geval het die beskuldigde later wel die gemelde bedrag tot krediet van daardie werkgewer aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens oorbetal.

Agt van die aanklagte van bedrog het behels dat die beskuldigde oor die tydperk 20 September 1999 tot 6 September 2001 vafsliek teenoor een van haar werkgewers voorgegee het dat sy geregtig was om BTW in totaal ten bedrae van R354,96 te hef op dienste wat sy vir die betrokke werkgewer gelewer het

Die verdere aanklagte van bedrog handel met n bedrag van ongeveer R133 000 in totaal. Dit behels dat die beskuldigde die BTW-rekeninge van haar werkgewers gemanipuleer het en wat tot gevolg gehad het dat hulle met verkeerde bedrae vir BTW aangeslaan is. Wat hierdie

aanklagte betref, soos ek die posisie verstaan, het die beskuldigde geen persooonlike voordeel getrek in die sin dat die geld in haar sak beland het nie en is die Inkomstediens waarskynlik geregtig om die bedrag wat as gevolg van die bedrog kort betaal is, van haar werkgewers te verhaal.

"n Belangrike aspek in hierdie aangeleentheid is dat die beskuldigde 'n 39-jarige ongetroude dame is wat 'n eerste oortreder is. Twee verslae is voor die landdros geplaas, een van ft sielkundige en die ander van 'n korrektiewe beampte, waaruit dit blyk dat die beskuldigde 'n ontoereikende persoonlikheid het wat, onder andere, waarskynlik verband hou met wat met haar gebeur het toe sy as jong kind deur twee persone verkrag is. Sy het 'n afhanklike persoonlikheid en sy het ook in die tydperk wat van hierdie misdrywe gepleeg is betrokke geraak met ene Johan wat haar, so se die verslae, beïnvloed het en finansieel op haar geteer het en bygedra het daartoe dat sy die bedrog en diefstal gepleeg het.

Dit is duidelik uit die landdros se uitspraak dat hy die misdrywe wat die beskuldigde gepleeg het, in 'n baie ernstige lig gesien het. Hy het horn besonder sterk uitgedruk oor die aard en die effek en die voorkoms van hierdie tipe witboordjiemisdrywe. Die beskuldigde se persoonlike omstandighede het horn egter uiteindelik daartoe genoop om ti vonnis op te le wat me direkte gevangenisstraf behels nie.

Namens die Staat het me Henry betoog dat hier verskeie mistastings by die landdros was met die oplegging van vonnis; dat hy onder andere die persoonlike

omstandighede van die beskuldigde oorbeklemtoon het; dat hy nie behoorlike aandag gegee het aan die vraag of 'n vonnis ingevolge

artikel 276(1)(t) van die Strafproseswet of 276(1)(h) van die Strafproseswet opgele moet word nie en dat 'n hof van appel die

vonnis as gevolg van hierdie mistastings van nuuts af sal kan oorweeg. Sy het ook betoog dat die vonnis deur 'n hof van appel as skokkend onvanpas bevind kan word.

Die vraag op hierdie stadium, waar daar aansoek gedoen word vir verlof om te appelleer deur die Staat, is of daar 'n redelike vooruitsigte is dat die apptikant (die Staat) op appel suksesvol sal wees met die appel teen die vonnis en dat 'n ander en swaarder vonnis deur 'n hof van appel opgele sal word.

Ons is vanoggend hier volledig toegesprek deur me Henry en ook deur mnr Louwrens namens die beskuldigde. Ons het die argumente wat in die hoofde van argument uiteengesit is en wat hier mondelings herhaal en verder toegelig is, oorweeg. Na my mening is hierdie In geval waar die Staat nie aangetoon het dat daar n redelike vooruitsig op sukses op appel sal wees nie en dat daar Vi redelike

vooruitsig is dat die hof van appel eerstens sal inmeng met die vonnis en tweedens 'n swaarder vonnis sal ople nie.

Na my mening moet die aansoek om verlof om te appelleer van die hand gewys word en moet daar 'n kostebevel gemaak word ingevolge die bepaling van artikel 310 A (6) dat die Staat die geheel van die beskuldigde se koste betaal wat by die bestryding van hierdie aansoek opgeloop is.

VAN HEERDEN, WnR: Ek stem saam.

VAN HEERDEN, WnR

LOUW. R: Dit word so beveel.

LOUW, R

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2008/256.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/direkteur-van-openbare-vervolgings-kaap-die-goeie-hoop-v-retief-unknown-topic-awchc-2008>

Prepared on 14 October 2026 · Esheria